



education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT EKSAMEN**

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

VRAESTEL 2: LETTERKUNDE

MODEL 2009

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan 30 bladsye.

BAIE BELANGRIK:

Direkte antwoorde uit die verskillende boeke geneem vir die memorandum. Neem soortgelyke antwoorde telkens in ag.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: Opstelvraag****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee****Sien aangehegte rubriek****Inleiding****Sy ma se dood. Bl. 23**

- November voor sy 14de verjaardag
- Sterf a.g.v. godsiekte
- Saul kan dit nie glo nie/verstaan nie die dood nie
- Bang die engels kom hom ook haal
- Saul en Jozef moes die doodstydning aan Diepwallers gaan oordra

Die bloubokkie se gal. Bl. 29, 37

- Wou pa-hulle verras/vleiskos hê vir sy verjaardag
- Stel wip vir bokkie
- Slag self
- Soek gal uit nuuskierigheid
- Ontsteld toe dit is waar alle ander bokkies s'n sit
- Twyfel oor grootmense se oordeel vat pos
- Haat vir leuen begin/soeke na waarheid begin

Sy eerste ontmoeting met Oupoot. Bl. 23

- Saul en Jozef op pad Diepwalle toe met doodstydning van sy ma
- Gewaar vir Oupoot terwyl hulle sit om te rus
- Wind is verkeerd; Oupoot storm nie
- Staan so dat Saul hom mooi kan sien
- Saul sien veral die nat kol onder die skurwe oog.
- Jozef eerste in boom
- Saul staan verstom; geen vrees
- Oupoot verdwyn
- Saul is seker Oupoot weet van sy ma.

Die eerste kennismaking met die lewe buite die Bos. Bl. 44 - 50

- Saul het gedink die dorp is deel van die Bos
- Beleef die dorp as “kaal”sonder ‘n hoed”
- Bang en wil omspring

- Sien Knysnameer aan vir see
- Verstom hom aan: huise/tuine/kleredrag
- Maak kennis met houtskuur
- Maak kennis met houtkopertaktiek: derdeklas/verkeerde hout
- Sien sy pa is bang/smekend
- Betrek by gebeure toe hy moet lees wat op skuldboek staan
- Besef al met eerste besoek dat die houtkopers hulle in hulle mag het
- Nooit weer kind daarna nie
- Sien vir Kate vir die eerste keer
- Sien duidelike klasseverskille raak
- Twyfel of hy wit is

Slot**[35]****VRAAG 2: Kontekstuele vraag****KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
2.1	B/Pictor (Bl.9)	(1)	1
2.2	C/die houtkappers sou ompraat om hout aan hom te lewer. (Bl. 293)	(1)	1
2.3.1	Onwaar (Bl.14, 57)	(1)	1
2.3.2	“Ek het dan gehoor jy gaat saam met die skip weg.”	(1)	2
2.4.1	Waar (Bl. 138)	(1)	1
2.4.2	“Daar sal iewers 'n bietjie weggesteek lê in die spruite.”	(1)	1
2.5.1	Hy het besef hulle is op 'n pad wat nêrens heen lei nie. (Of soortgelyk, bv. Hy besef hulle gaan saam met die Bos tot niet/Hy wil hê hulle moet 'n bestaan voer wat ook die Bos kan bewaar). (Bl. 99)	(1)	2
2.5.2	Hy wou nie langer toesien hoe die delwers met die Bos mors nie. (Of soortgelyk, bv. Hy kon nie die vernietiging van die Bos/olifante verder keer nie). (Bl. 260)	(1)	2
2.6.1	Delwers (Bl. 316)	(1)	1
2.6.2	toestande ongunstig op delwery (of soortgelyk) (Bl. 290)	(1)	1
2.7.1	hul kwaai-vriendskap/hardkoppigheid (Bl. 313)	(1)	3

- 2.7.2 “All woodcutters are wild and dirty and so are their children.”
Alle houtkappers is wild en vuil en hulle kinders net so
(Of soortgelyk – direkte aanhaling is nie vereiste nie)
(Bl. 178) (1) 1
- 2.8
- | SAUL | | JOZEF | |
|-------|---------------------------------------|-------|---------------------------|
| 2.8.1 | bevraagteken ou gebruik (Bl. 91; 315) | 2.8.4 | bang om alleen te staan |
| 2.8.2 | respek vir Oupoot (Bl. 23) | 2.8.5 | vrees vir Oupoot (Bl. 23) |
| 2.8.3 | die slimme (Bl. 36) | 2.8.6 | die sterke |
- (6) 2
- 2.9.1 Maska (Bl. 10-12) (1) 1
- 2.9.2 Joram (1) 1
- 2.9.3 Freek Terblans (1) 1
- 2.10 Die goewerment het die houtkopers gedruk vir meer hout.
B/Die houtkopers mergel die houtkappers uit deur hulle te min te betaal vir die hout wat hulle lewer op aanvraag van Goewerment.
A/Die houtkappers verwoes die Bos deur al meer hout te kap om meer geld te kry..
C/As die hout nie betalend genoeg is nie, betaal die Bos met sy olifante om die beursies van die houtkappers aan te vul wat die houtkopers van hulle steel.
D/Goodfors hou die houtkappers in die skuld (Bl. 90; 109) (4) 3
- 2.11.1 Na sy ma se dood, op pad om **die tyding** aan sy grootouers te gaan **oordra**. (Bl. 23) (1) 1
- 2.11.2 Elke keer as **Saul probleme** ondervind het, was **Oupoot daar**. (Bl. 206; 207) (1) 1
- 2.11.3 Hy wou vir Saul **wys** hoe daar met die **Bos gemors is**. (Bl. 303) (1) 1
- 2.12
- Saul het die bloubokkie se kop **uit blote nuuskierigheid oopgekap**
 - toe die **gal nie daar** was nie, het die **twyfel ontstaan** oor waarom die grootmense die leuen vertel het
 - by Saul ontstaan **die haat vir die leuen** en die **soeke na waarheid** hier = die simboliese betekenis
 - **Jozef** was negatief teenoor Saul, en nou erken hy dit, omdat hy **jaloers** was – **Saul** het die moed gehad om **dinge te bevraagteken** en hy nie.
- Regdeur die verhaal **simboliseer** die oopkap van die bokkie se kop die **afsku van die leuen** en die **soeke na die**

	waarheid. (Bl. 32, 33, 37, 270; 315)	(5)	3
2.13	B/Kate vir Saul help om Thompson se hoekerf te koop. (Bl. 310)	(1)	2
2.14	Oop antwoord (Enige aanvaarbare moontlikheid)	(1) [35]	3

VRAAG 3: Opstelvraag**DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver****Sien aangehegte rubriek****Inleiding****Die verteller**

- Ken deur **eerstepersoonverteller**.
 - Leer **ken** deur **inligting** wat **sy self gee**.
- UITERLIKE:.**
- **Ontevrede** haar uiterlike daarom wil sy soos **Fabienne lyk**.
 - Obsessie met tande, tande soos Fabienne hê
 - **Definitiewe en konserwatiewe kleresmaak**. Sy hou nie van die moderne klere wat Gavin vir haar gee nie.
- INNERLIKE:**
- Wil graag **skrywer** wees. Skryf verskillende soorte skryfwerk soos gedig, roman, drama.
 - **Ontevrede met lewe**, maak lewe op deur karakter van Fabienne.
 - **Ingewikkelde gesin** onderskei haar van ander. Ma, pa, stiefpa, halfbroer en twee stiefbroers.
 - Sy **praat nie graag** oor ingewikkelde gesin nie.
 - **Skaam** vir pa, dink sy is **te gemiddeld** vir hom.
 - **Bevraagteken alles** daarom is sy Hanna Hoekom.
 - Voel dat **niemand regtig in haar belangstel nie** en wil daarom lewens met Fabienne omruil.
 - **Lewe nie altyd 'n sprokie** is nie, bly in ou huis, ma eksentriek, ens.
 - Het ook **nie opwindende liefdeslewe** nie.

- Aan die **einde van die verhaal** besef sy dat sy 'n **heldin moet wees** en **nie 'n bedorwe brokkie** nie
- **Belangrik** as sy besef dat **Gavin dink dat sy “fabulous”** is.
- **Geboorte van sussie** bring besef dat sy **bloedbande** het en dat dit haar **vasknoop**.
- **Leer** om by haar **gesin aan te pas** en hulle te **aanvaar**.
- **Besef wonderlike pa, ma en familie** sy het.
- Besluit teen einde van verhaal om roman oor **gemiddelde vaal meisie met ingewikkelde gesin** te skryf. Dit **is soos sy is** en soos **sy graag wil wees**.

Slot

[35]

VRAAG 4: Kontekstuele vraag

DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
4.1	Gavin/haar biologiese pa. (Bl. 2)	1	1
4.2	Gavin: Hy is haar eie pa. (Bl. 2) Hy was nie altyd 'n goeie pa nie. (BL. 167) Hy gee vir haar geskenke soos klere waarvan sy nie hou nie. (BL. 105) Hanna is vir hom “fabulous . (Bl. 167) Hanna: Is skaam vir Gavin. (Bl. 4) Sy wil nie hê hy moet ook kom kuier nie. (Bl. 30) Sy dink hy is snaaks . (Bl. 167) Einde van verhaal bewonder sy hom. (BL 167) Noem hom onwaarskynlik . (Bl. 167) Toe sy sien dat hy haar aanvaar , toe aanvaar sy haar self . (Bl. 166) (ENIGE 5)	(5)	3
4.3	Hanna dink dat hy die beste man is wat Mana nog gehad het. (Bl. 3-4) Sy praat met hom oor die letterkunde. (Bl.56) Hy moedig haar aan om te skryf. (Bl.56) Hy wil graag haar skryfwerk lees. (Bl. 56) (ENIGE 3)	(3)	3
4.4.1	Onwaar	(1)	1
4.4.2	Mana het voor Hanna se geboorte besluit dat sy 'n		

- familienaam sou kry. (Bl. 153) (1) 1
- 4.5. 4.5.1 D/Is verward omdat sy pa 'n proefbuis is. (Bl. 5)
 4.5.2 E/dink hy is cool en die meisies dink ook so. (Bl. 5)
 4.5.3 A/Verlang na sy ma en wil haar graag weer sien. (Bl. 68)
 4.5.4 C/n Rykmansdogter wat na 'n gesinslewe verlang. (Bl. 64-75)
 4.5.5 B/Wil graag 'n bekende aktrise wees. (Bl. 70) (5) 2
- 4.6.1 Waar (1) 1
- 4.6.2 Hanna skep die karakter Fabienne omdat sy soos Fabienne wil wees. (Al die verskille tussen Hanna en Fabienne kan hier ook genoem word. Verskille soos voorkoms, blyplekke, gesinne, ouers, ens.) (Bl. 7; 8; 13, ens.) (1) 3
- 4.7
- | | Hanna | Fabienne |
|---------|----------------------------|---|
| Blyplek | Ou Huis (Bl.120) | Argitek-ontwerpte huis. (Bl. 13) |
| Gesinne | Ingewikkelde gesin (Bl. 5) | Normale gesin wat bestaan uit pa, ma en twee sussies. (Bl. 8; 13) |
- (4) 1
- 4.8.1 Onwaar (Bl. 1; 2; 5; ens.) (1) 1
- 4.8.2 Mana is kunstenaar/Mana is eksentrieke kunstenaar/Mana dra snaakse klere met verfkwaste in haar hare. (Bl. 5; 57) (1) 2
- 4.9 Hanna: Hanna bevraagteken alles, daarom is sy Hanna Hoekom. (Bl. 29)
 Mana: Sy is baie lief vir Hanna. (Bl. 153) (2) 2
- 4.10 4.10.1 Mana
 4.10.2 kinders
 4.10.3 Botterberg
 4.10.4 beter (Bl. 16) (4) 1
- 4.11.1 Waar (Sien Leesgids) (1) 1
- 4.11.2 Ons leer Hanna ken deur dit wat sy self vir ons vertel – deur die eerstepersoonverteller Sien Leesgids en Glossarium van NKV (1) 1
- 4.12 D/die aanvaarding van jouself, jou gesin en jou omgewing. (Sien Leesgids) (1) 2
- 4.13 Enige aanvaarbare antwoord vanuit die leerder se eie

	belewenis.	(1)	2
4.14	Die verhaal handel oor Hanna wat ongelooflike dinge (avonture) beleef om haarself te aanvaar. Hanna wat alles bevraagteken. Hanna wat leer om saam met haar ingewikkelde gesin te leef (Of enige aanvaarbare rede.)	(1) [35]	3

VRAAG 5: Opstelvraag**MEEULANDERS – Esta Steyn****Sien aangehegte rubriek****Inleiding****Schalkie (Skalla) se kinderlewe**Die ontwrigte kind

- Hermanus Blanckenburg se **eerste vrou** was Magdel Beukes, die ma van Schalkie. Toe Schalkie vyf was, het sy Hermanus verlaat vir 'n ander man. Ná 'n lang hofspraak het hy toesig oor die kind behou en vir Magdel 'n som geld betaal om die kind af te teken.
- Hy is die tweede keer met Dorothea Brink van die Sandveld getroud. Sy was baie goed vir Schalkie en tot haar dood baie goed vir hom.
- Hy was al die tyd 'n moeilike, opstandige kind. Hy kon dit nie aanvaar dat sy ma hom en sy pa verlaat het nie.
- Hy het gesukkel om op skool te presteer. Hy het twee keer gedruip ná standerd agt koers gekry.

Schalk se volwasse lewe:Schalk die ankerlose swerwer

- Hermanus sien Schalkie as die ankerlose swerwer en Fred as iemand met veglus
- Hy wou niks van sy pa se fabriek weet nie en is later Kaap toe. Sy pa het nooit geweet wat hy doen vir 'n lewe nie. Schalk het net nou en dan in sy pa en stiefma se lewe opgeduik.
- Die gemeenskap sien Skalla as 'n uitgeworpe Blanckenberg.
- Volgens Matthys is hy sonder die skyn van die Blanckenbergs.
- Skalla daag op die dag van die verkiesing op en sonder om sy pa of vir Fred te groet, gaan hy met 'n bier in die hand by die opposisie (Coetzee) se tent in.

Schalk verwoes lewens

- Hy het een aand 'n meisie (Magrietjie du Plessis) voorgelê toe sy vir haar pa, 'n treindrywer, 'n fles koffie en beskuit gevat het.

Toe haar pa van die trein wou afspring om Skalla beet te kry, is hy onder die trein in en dood. Hermanus het vir die ooggetuie (Gerbrand van Wyk) 'n ryk man gemaak met omkoopgeld, die meisie is na 'n inrigting (Stikland) toe en Jacob wat smoorverlief op haar was, is Meeuland toe. Hy maak sy verskyning op Salamanderbaai – sê vir Matthys dat die Kaap nie goed was vir hom nie.

- Skalla neem Matthys in diens en as gevolg van die onwettige kreef word hy in 'n padblokkade gevang en gevonniss.

Schalk se onwettige bedrywighede

- Dryf handel met “rooi koekies” – lewende ondermaat-kreef.
- Skalla is met sy onwettige werkies verantwoordelik daarvoor dat Pikkewyntjie geskiet word. Hy vlug voor die polisie en Skalla verskyn langs Hermanus se kar voor die hospitaal in die Kaap en sê net: “Ek is jammer, Pa.”
Toe Daniel vir Skalla in Bonthuys se sinkgeboutjie opmerk, hardloop hy om vir Jacob te vertel. Jacob maak Skalla dood.

Schalk die afperser

- Hy verwag 'n guns van Reggie Bindeman (eienaar van Bindeman Visserye) om in ruil vir geld waarmee Hermanus vir Reggie jare gelede gehelp het. Hy verwag dat Reggie die ondermaat kreef moet koop of andersins om dit in sy koelkamer te pak.
- Toe Fred een aand laat werk, kom Skalla by sy kantoor in: hy het geld nodig – hy pers Fred af omdat hy gehoor het hoe Veronica vir Sheila vertel het dat Fred haar sou help met haar ongebore kind waarvan hy die pa is. Daarna het Sheila, Fred se vrou, selfmoord gepleeg.
- Hy wil geld én die seegraskonsessie hê.
- Hy vertel vir Fred dat hy die naam van Fred se nuutste vriendin ken – die oorsaak van Elsabet se dood – maar hy wil hierdie keer nie geld hê nie

Skalla se sagte kant

- Buit nie vir Elsabet uit toe sy hom in swakheid verlei nie.
- Skalla blameer Fred dat hy Elsabet uit hulle huis gewerk het: stoot uit wat nie inpas nie (bl 276). Hy vertel vir Fred dat hy die naam van Fred se nuutste vriendin ken – die oorsaak van Elsabet se dood – maar hy wil hierdie keer nie geld hê nie
- Skalla verskyn langs Hermanus se kar voor die hospitaal in die Kaap en sê net: “Ek is jammer, Pa.”

Skalla is desperaat

- Hy trek in 'n ou sinkgeboutjie in om 'n paar werkies vir Bonthuys te voltooi. Hier hou hy op 'n keer die rewolwer teen sy kop.

Fred se volwasse lewe:

- Fred het die konsessie vir die seegras en almal werk vir hulle.
- Hy word burgemeester en is ook as volbloed Blanckenburg gewoonlik seker van sy saak.

- Schalk noem hom die gesalfde met die erwe en die eiendomme.
- Fred het 'n reputasie met vrouens: Elsabet het o.a. met Fred 'n verhouding gehad en nadat sy hom weer by die dokter se spreekkamer gesien het, verlang sy weer na hom. Fred kan haar ook nie uit sy gedagtes kry nie en beplan 'n mosselaanleg naby Meeuland.
- Elsabet se baba sterf na geboorte (sy weet dit nie) en Veronica se baba word vir Elsabet gegee.
- Toe sy vir 'n week wal toe gaan, stap sy na die seiljagklub waar sy vir Fred sien. Sy vertel hom die eiland kry haar onder en hulle gaan op sy seilboot uit. Hulle ontmoet die volgende dag by hulle ou plek (Keeromklip).
- Nadat Elsabet vir Jacob gesê het dat sy klaar is met die eiland, kom Fred haar haal. Sy bly in 'n hotel totdat hulle uiteindelik na 'n jaar trou. Toe Elsabet nie meer met Fred Kaap toe gaan as hy besigheid doen nie, raak sy uiteindelik agterdogtig en sy begin te veel te drink.
- Skalla gee vir Elsabet die nommer van iemand by wie Fred in die Kaap kuier: Jackie Stevens.
- Na Skalla se dood vertel Ryna vir Fred wie Janka eintlik is – sy dogter by Veronica.

Slot

[35]**VRAAG 6: Kontekstuele vraag****MEEULANDERS – Esta Steyn**

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
6.1	C/Salamanderbaai. (Bl. 3; 6; 62)	(1)	1
6.2	B/n boek oor kusvoëls skryf met illustrasies. (Bl. 37)	(1)	1
6.3	B/haar oorlede seuntjie, Ronnie. (Bl. 15)	(1)	1

6.4	<ul style="list-style-type: none"> • In die kombuis lek die vlamme uit die houtbalie oor die vloer en oor die kombuiskas. • Sy het'n lang man met 'n rooi band om sy v oorkop gesien en met lang, blonde hare. Hy het sy arm teen sy gesig gehou en sy onthou die tatoeëermerk op sy arm: 'n slang wat deur 'n anker kronkel. • Sy het halfpad teen die trap uitgehardloop, maar stukke brandende hout het voor haar voete geval. Sy het teruggedraai en deur die woonkamer gehardloop. Buite was daar mense • Die brandweer het gekom en hulle het twee draagbare uitgedra met komberse bo-oor. • Die sersant het gekom en haar oor en oor ondervra. Sy het gesê hulle moet die blonde man soek. • Die volgende dag het die sersant gekom en haar vertel dat die kelder nie afgebrand het nie en dat daar vier miljoen rand se kokaïen in die kelder weggesteek was. • Sy kon nie haar man en kind kry nie; die rook was te erg – hulle het verbrand. (Bl. 188-189) 	(5)	3
6.5.1	Onwaar (Bl. 3)	(1)	1
6.5.2	Ryna het een van die Meeulanders geword. (Bl. 343)	(1)	1
6.6.1	Onwaar (Bl. 2)	(1)	1
6.6.2	Ryna het Janka/Pikkewyntjie se tweede ma geword. (Bl. 134; 175; 217)	(1)	1
6.7.1	E/Matthys	(1)	2
6.7.2	A/Skalla (Bl. 30)	(1)	2
6.7.3	D/Ryna	(1)	2
6.7.4	C/Jannerik	(1)	2
6.7.5	B/Jacob	(1)	2
6.8.1	Fred/Elsabet	(1)	1
6.8.2	Elsabet/Fred	(1)	1
6.8.3	Veronica/Kinnie (Kuiper)	(1)	1
6.8.4	Jannerik/haar pa (Bl. 80-81)	(1)	1
6.9	<ul style="list-style-type: none"> • Elsabet is dood (1) 		

	• sonder dat sy geweet het dat Pikkewyntjie eintlik Fred en Kinnie se dogter is (1)	(2)	3
6.10	A/Ryna kry vir Elsabet bewusteloos by die wasgoedlyn. (Bl. 75)	(1)	2
	C/Jacob en Elsabet skei. (Bl 143)	(1)	2
	B/Mosselvlotte word naby Meeuland geanker. (Bl. 123)	(1)	2
	D/Jacob probeer om Elsabet se lewe te red. (Bl.272)	(1)	2
6.11	3 jaar (Bl. 26; 222);	(1)	3
6.12	By die Ornitologiese Instituut (sy was 'n dierkundige) (Bl. 2)	(1)	1
6.13.1	Camilla Calvin (Bl. 3)	(1)	1
6.13.2	Sy wou weer haar lewe oor begin. (Bl. 2)	(1)	1
6.14.1	Aanpasbaarheid: Ryna en Elsabet het van mekaar verskil deurdat Ryna as 'n stadsmens maklik kon aanpas op die eiland, maar Elsabet het haar verset daarteen. Die plek het haar ingeperk. (1) (Bl. 118) Hoe hulle hulle hartseer verwerk: Ryna was meer soos Jacob – hulle wou hulleself eenkant hou na 'n hartseer ervaring. Elsabet soek na iemand met wie sy kan gesels oor haar hartseer. (1)	(2)	3
6.14.2	Hulle is dieselfde soort mens./Hulle is Meeulanders.	(1)	3
6.15	Enige aanvaarbare antwoord.	(1)	3
		[35]	

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 7: Opstelvraag

POPPIE, DIE DRAMA – Sandra Kotzé en Elsa Joubert

Sien aangehegte rubriek

Inleiding

Grootouma Kappie:

- Omgewing van **Upington** grootgeword.
- **Groot bokboer** gewees
- Sy was **ryk** gewees.
- **Trots** oor sterk vroue aan haar nageslag oorgedra.

Ouma Hannie:

- **Getroud** met Xhosa-man
- **Baie getrek.**
- Later op **Upington gevestig.**
- **Kinders en kleinkinders groot gemaak.**
- **Streng en godsdienstig.**
- **Leer kleinkinders** alles van die **Xhosa-geloof**. – Kinders moet Xhosa praat.
- **Bly op oudag by Mama Lena** en sterf in Lambertsbaai.

Mama Lena:

- **Getroud** met Xhosa-man van **Ciskei.**
- **Werk op De Aar** en later by **visfabriek in Lambertsbaai.**
- **Trek na die Kaap, trou** daar met Hendrik Stuurman om erf te kry.
- **Lewenslank werk** om gesin te versorg.

Poppie:

- Word by **ouma Lena groot.**
- **Verlaat skool** op 9 om na boeties te kyk.
- **Trou** met Ulitye Mqwati (Stone) van die Ciskei.
- Sy **respekteer skoonfamilie** en **aanvaar hulle tradisies** as sy daarmee kennis maak by skoonouers.
- **Veg teen die wet**, Trek na Nyanga in die Kaap as gevolg van groepsgebiedewet.
- Sy is die **aartsmoeder**. Werk lewenslank om vir haar kinders te sorg.
- **Werk by kwekery.** Baie moeilike omstandighede.
- **Sorgsaamheid** blyk ook as sy **kleinseun** saamneem om vir hom te sorg – sy ma het hom verwaarloos. Sorg ook vir haar boeties.
- **Verskillende werke** sodat sy meer af het om by kinders te gaan kuier. (
- **Slagoffer van haar omstandighede.** Bly in Jakkalsvlei in tweekamer-sinkhuisie.
- **Sukkel om verblyfpermit te kry** omdat haar man Xhosa is.
- As pas nie meer verleng kan word nie, trek sy na **Mdatsane.**
- Voel baie **alleen** daar, maar **pas aan** by omstandighede. Sy is sterk vrou en besluit dat hulle kan doen wat hulle wil, maar sy is nog nie afgedood nie.
- Sy is iemand wat **dinge doen en hard werk.** As Stone sterf besluit sy om na Kaap terug te keer. Werk aan die begin sonder 'n pas.
- Sy **aanvaar haar lot** en besluit dat dit die pad is wat die Here wil hê sy moet loop.
- **Bly vasgevang** in haar noodlot.
- Kan ook baie **ongevoelig wees** en is **kwaai** met haar kinders.

Slot: vroue word verteenwoordigers van alle vroue wat lewe opoffer vir hulle kinders.

[35]

VRAAG 8: Kontekstuele vraag**POPPIE, DIE DRAMA – Sandra Kotzé en Elsa Joubert**

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
8.1	Haar man/Ulitye Mqwati (Nie Stone nie) (Bl. 21)	(1)	1
8.2	Sy moes na Nyanga trek omdat Xhosas nie in Lambertsbaai mag bly nie. (Apartheidswette.) (Bl. 25) Sy kon nie pas kry om in Kaap te bly nie en moes na Ciskei trek. (Verblyfpermitte.) (Bl. 35) Sy moes haar pas elke drie maande hernu. (Paswette.) (Bl. 38) (ENIGE TWEE)	(2)	3
8.3.1	Onwaar (Bl. 38)	(1)	1
8.3.2	Baie mense staan elke slag in lang toue om pas te kry. (Bl.38)	(1)	1
8.4	“Ek kan nie die wet met my hande breek nie.” (Bl. 44)	(1)	2
8.5	Mdatsane in die Ciskei/Mdantsane/Ciskei (Bl. 43)	(1)	1
8.6	C/haar man van die Ciskei gekom het. (Bl. 43)	(1)	1
8.7	Daar moet 'n skool vir haar kinders wees. Sy wil 'n huis hê. (Bl.44)	(2)	1
8.8	8.8.1 Upington (Bl. 14) 8.8.2 Lambertsbaai. (Bl. 18) 8.8.3 Nyanga/Kaap/Jakkalsvlei (Bl. 25) 8.8.4 Mdantsane/Ciskei (Bl 43)	(4)	1
8.9.1	Onwaar (Bl 46)	(1)	1
8.9.2	Huis in Jakkalsvlei was tweekamer-sinkhuis/huis in Ciskei was steenhuis. (Bl. 46)	(1)	1
8.10	B/Poppie trek Nyanga toe. (Bl. 26) D/Poppie kry inslaapwerk by die kwekery. (Bl. 28) C/Stone vat kontrak by die Philippi-melkery. (Bl. 29) A/Stone bou 'n huis in Jakkalsvlei. (Bl. 31)	(4)	2
8.11	8.11.1 C/Poppie 8.11.2 E/Mosie 8.11.3 A/Paswet/regering 8.11.4 B/Stone/Jakkie (Leesgids bl.86)	(4)	3
8.12	Sy kon haar nie in Kaap vestig nie, want sy moes weer na Mdantsane trek. (Leesgids)	(1)	3

8.13.1	Waar (Leesgids)	(1)	3
8.13.2	Poppie beseft dan dat sy vir haar eie lot verantwoordelik is/ Poppie neem dan verantwoordelikheid. (Bl. 49)	(1)	3
8.14	Mens is verantwoordelik vir jou eie lewe/Ek het weer beseft hoe wreed die apartheidswette teenoor die mense/vroue was Ek het geleer dat vroue baie sterk is/Ek het geleer dat die vroue deur die geskiedenis nog altyd sterk is/ ek het meer geleer oor die opstande teen apartheid/ ek het meer geleer oor die mense se gevoelens tydens die apartheidsjare. OF enige aanvaarbare antwoord.	(1)	3
8.15.1	Onwaar (Leesgids)	(1)	2
8.15.2	Storie oor daardie jare word deur middel van die dialoog vertel/Gee insig in lewe tydens apartheidsjare. (Leesgids)	(1)	2
8.16	<ul style="list-style-type: none"> • Pa dood, trek na Upington (Bl. 14) • Hou op om skool te gaan sodat sy na kinders kan kyk. (Bl. 18) • Troue met Stone maak haar Ciskeise burger. (Bl. 21; 43) • Uitsetting in Lambertsbaai laat haar na Nyanga trek . (Bl 26) • Stone se werk by melkery wat sy dood veroorsaak. (Bl. 29) • Strenger paswette wat veroorsaak dat sy na die Ciskei moet trek. (Bl.42) • Stone se dood wat veroorsaak dat sy na die Kaap terugkeer en sonder n pas werk. (Bl. 48) • Opstande in 1976 wat veroorsaak dat haar kleinkind met klip doodgegooi word. (Bl. 54) • Jakkie wat die moeilikheid na haar kinders neem. (Bl. 66-68) • Berusting as sy beseft dat haar kinders die pad moet loop wat vir hulle bestem is. (Bl. 68) (ENIGE VYF) 	(5)	2
		[35]	

VRAAG 9: Opstelvraag**PALJAS – Chris Barnard****Sien aangehegte rubriek****Lesse wat ons by MacDonalds leer:**

- Voer 'n vervelige. Afgesonderde bestaan en doen niks daaromtrent nie

- Ongelukkig met hul omstandighede, maar praat nie daaroor nie
- Praat hoegenaamd nie met mekaar oor dinge wat saak maak nie
- Kinders ly onder gebrek aan kommunikasie/sukkel om ouers se optrede te verwerk
- Ons leer dat kommunikasie baie belangrik is.
- As mense saamstaan, kan hulle sterk staan
- Moenie wegkruip as jy anders is nie

Dominee se optrede:

- Veroordeel sonder om vir Manuel te leer ken
- Verdoem net/skel uit
- Sy preek en wat hy doen verskil
- Gebruik godsdiens om te veroordeel
- Glo net uit die Bybel wat hy wil

Inwoners van Toorwater se optrede:

- Praat oor MacDonalds/skinder
- Wil alles met geweld regslaan/-skiet
- Negatief teenoor MacDonalds omdat hulle anders is (Willem se gebrek)
- Glo almal moet maak /wees soos hulle
- Hulle optrede by die dans (gooi tamaties) wys hoe onverdraagsaam hulle is
- Jaag Mac Donalds weg van die dans
- Verorsaak verdeling onder inwoners
- Ons leer dat indien jou leefwyse anders as ander s'n is, word jy uitgewerp

Nar se rol in die leerproses:

- Een positiewe persoon kan verandering bring
- Lag is beter as huil
- Jy mag maar anders wees.

[35]**VRAAG 10 Kontekstuele vraag****PALJAS – Chris Barnard**

NR.	ANTWOORD	PUNT	VLAK
10.1	C/hom verpleeg het na sy skietwonde (Bl. 78)	(1)	1
10.2.1	narrepak en grimering (Bl. 69)	(1)	1
10.2.2	Hy het gevra hulle moes hom uit die kerk verwyder. (Bl. 70)	(1)	1
10.2.3	Willem het hom uitgevra oor die dominee se uitlatings oor narre. (Bl. 68)	(1)	2

10.2.4	Verlossing (Bl. 69)	(1)	1
10.2.5	Hulle is onverdraagsaam teenoor hom omdat hy anders as hulle is.	(1)	3
10.3	Manuel kan hulle kon “verlos” uit hulle eng uitkyk op die lewe, maar hulle kyk dit mis - luister dus nie na preek nie.	(1)	3
10.4	C/krisis (Bl. 74; 107)	(1)	1
10.5.1	2 jaar (Bl. 38)	(1)	1
10.5.2	Dis ‘n angstoestand/geskrik of bang vir iets/iets gesien wat hy nie kan verwerk nie/dalk bloot ongelukkig oor die lewe. (Bl. 39)	(1)	1
10.5.3	Die tema is eensaamheid as gevolg van gebrekkige kommunikasie. Dit blyk dat die hele McDonald-gesin se tonge eintlik “vasgeknoop” is – hulle praat nie oor dinge wat saak maak nie. Nou is dit anders. (Leesgids Bl. 104)	(1)	3
10.6.1	Waar	(1)	1
10.6.2	Dit is simbolies van die kommunikasie wat weer in die huis begin/Emma kry vir die eerste keer weer ‘n “stem” en “praat” oor dit wat saak maak. (Leesgids Bl. 131)	(1)	3
10.7	B/Willem laat verander	(1)	1
10.8.1	C/die lewe is te kort vir trane (Bl. 42)	(1)	2
10.8.2	D/weerspieël die Afrikaner en sy kultuur (Leesgids Bl. 103)	(1)	2
10.8.3	B/symboliseer vryheid (Leesgids Bl. 135)	(1)	2
10.8.4	A/oorsaak van rusie tussen Hendrik en Katrien (Bl. 49-41)	(1)	2
10.9.1	Volstruisdans (Leesgids Bl. 55)	(1)	1
10.9.2	rykdom/baie geld/oorspoed (Leesgids Bl. 108)	(1)	1
10.9.3	beter verhoudings (1) in die toekoms (1) (Leesgids Bl. 108)	(2)	2
10.10.1	Onwaar (Bl. 87)	(1)	1
10.10.2	Hulle is met tamaties bestook. (Bl. 87)	(1)	1
10.11.1	Waar (Leesgids Bl. 103)	(1)	1
10.11.2	Dis die dramaturg se spesifieke opdragte/aanbevelings vir		

	die opvoer van die drama. (Leesgids Bl. 108)	(1)	2
10.12	C/Touwsrivier (Bl. 45) B/Lydenburg (Bl. 45) A/Soekmekaar (Bl. 45) D/Twyfelfontein (Bl. 45)	(4)	2
10.13	<ul style="list-style-type: none"> • Vir Katrien simboliseer die trein 'n soeke na die bevryding wat geld/glanslewe kan bring. Veral in die luukse eetwa waar sy sien hoe sy van haar sukkelbestaan verlos word. (Bl. 3) • Sy word dan weggevoer na 'n denkbeeldige en verglansde vryheid. dlt simboliseer wie/wat sy wil wees. • Vir Hendrik simboliseer treine en veral die stasie, Toorwater, die enigste plek waar hy nog baas is – sy stasie. Hier voel hy in beheer. Veral te midde van 'n gesin wat al hoe meer van mekaar vervreem . (Bl. 16;19) • Vir Manuel is dit sy woning. Hier voel hy tuis. • Hy besit dit waarna die ander strewe. • En dan verlaat hy sy trein vir 'n rukkie en kom deel sy “paljas” met hulle hier op Toorwater waar verlossing uit hul saai en afgesonderde lewe so nodig was. (Bl. 35) 	(5)	3
10.14	Die lewenswaarde moet verband hou met die aanvaarding van mense se andersheid.	(1) [35]	3

AFDELING C: KORTVERHALE

VRAAG 11: Opstelvraag

STORIEJOERNAAL: Die werksmanne van Slovoville – Johnny Masilela (Bl. 149-154)

Sien aangehegte rubriek

Inleiding

Die ideaal van 'n arm gemeenskap:

- Die mense kom vir 'n vergadering bymekaar waar die spreker, Jeremiah Vimbi, hulle probeer oorreed om ernstig te dink oor die bou van kool vir die kinders van Slovoville.
- Hulle bespreek saam hoe die geld aangewend gaan word: om boumateriaal te koop en rooi bakstene wat so mooi soos dié van die steenhuse is – maar Jeremiah sê dis te duur.

- Khoza sê dat hulle gebruikte oliedromme by 'n fabriek kan koop en oopsny en platslaan vir sinkplate. Só kan hulle selfs meer klaskamers bou.

Hoe die gemeenskap saamstaan om die ideaal waar te maak.

- Jeremiah het sy hoed omgestuur en gesê dat geen bedrag te groot of te klein is nie.
- Oupa herinner almal dat hulle voorouers hulle geleer het dat enige soort werk moontlik is as baie hande saamwerk.
- Hulle het tweedehandse oliedromme, pale, spykers wat nie te krom was nie, draad, seil en sakke sement bymekaargemaak: party van die materiaal kom van waar die mense hulle rommel gestort het.
- Die meeste van die swaar boumateriaal is na die bouplek vervoer in Jeremiah Vimbi se ou trek.
- Terwyl die mans die heelyd "Shosholoza" gesing het, het hulle die oliedromme met byle oopgekap, met vyfpondhamers tot sinkplate geslaan en die spykers reguit geslaan.
- Die vrouens het ululeer terwyl hulle kos vir die mans gekook het.
- Die mans lig die lang pale op en maak hulle regop staan in die sloot wat oupa klaar gegrawe het; dan kom die balke en die platgeslaande plate word opgelig en boontoe aangegee na die mans op die steiers.
- Jeremiah Vimbi ('n afgetrede nagwag) het aangebied om snags wag te staan.
- Die skool is uiteindelik na Jeremiah Vimbi vernoem, nl. Jeremiah Vimbi Gemeenskapskool.

Hoe die ideaal van hierdie mense vernietig word:

- Die volgende oggend het die werksmanne vir Jeremiah met arme en bene oopgespalk op die stowwerige grond gevind, die silwer fluitjie in sy mond, en 'n steekwond in sy bors.
- Die manne se gereedskap was weg.

Slot

[35]

VRAAG 12: Kontekstuele vraag

STORIEJOERNAAL: Die engelman – Izak de Vries

NR. ANTWOORD
12.1 Dover (Bl. 55)

PUNT VLAK
(1) 1

12.2. D/Chris het vir twee jaar reeds planne gehad vir 'n brugjaar

	na skool. (1)		
	B/Hy het toe in matriek vreeslik hard gewerk sodat hy daarna universiteit toe kon gaan. (1)		
	A/ Chris het hard gespaar sodat hy vir die eerste twee of drie jaar self vir sy studies kon betaal, want beurse is skaars. (1)		
	C/Chris sou 'n klein kamertjie huur waar hy sy rekenaar, sy boeke en sy kamera kon neersit en studeer sonder dat hy gepla word. (1) (Bl. 54-55)	(4)	3
12.3.1	<ul style="list-style-type: none"> • Daar is iemand (op universiteit; op Stellenbosch; op die Bos) wat baie in haar belangstel • sy wil steeds vriende bly • eendag kan hulle dalk weer meer as vriende wees (Enige TWEE) (Bl. 55) 	(2)	1
12.3.2	(nie) huil (nie) (Bl. 55)	(1)	1
12.4.1	Waar (Bl. 54)	(1)	1
12.4.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die iets in die manier waarop sy hom vasgedruk het toe hy weg is. • Natalie kon alles met hom deel – sy was nie soos ander meisies wat verveeld geraak het met sy geweldige boekkennis nie. • Sy het saam met hom opgewonde geraak oor die geskiedenis van Dover. (Enige EEN) (Bl. 54) 	(1)	2
12.5.1	B/Haar pa het geweier dat sy saamgaan. (1) (Bl. 55)		
12.5.2	C/Dit het haar nooit verveel nie. (1) (Bl. 55)		
12.5.3	A/Die boek, <i>Possession</i> , het vir haar baie beteken. (1) (Bl. 55)		
12.5.4	E/Haar briewe het geborrel oor die studentelewe en die ander ouens. (1) (Bl. 55)	(5)	2
12.5.5	D/Sy het Chris se kennis en opgewondenheid gedeel. (1) (Bl. 55)		
12.6.1	“African driver” (1) (Bl. 56)		
12.6.2	fooitjies (1) (Bl. 56)		
12.6.3	<ul style="list-style-type: none"> • tuis voel/(elkeen) • altyd spesiaal voel (Enige EEN) (1) (Bl. 56) 	(3)	1

12.7	<ul style="list-style-type: none"> • hulle wil die hele tyd hê hy moet saam met hulle dronk word • hulle wil hê hy moet saam met hulle “score” met die Engelse meisies (Enige EEN) (Bl. 56) 	(1)	1
12.8	A/boeke en flieks (Bl. 55)	(1)	1
12.9	C/vir homself laat glimlag. (Bl. 57)	(1)	1
12.10	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het gestop net toe sy op haar hardste gebid het. • Hy ry vér oor die spoedgrens net om hulle te help. • Hy is die enigste ander mens in die wêreld wat sy al gesien het wat Eco lees/hierdie spesifieke skrywer se boeke lees. (Enige EEN) (Bl. 56) 	(1)	2
12.11	C/n Engelsman is. (Bl. 56)	(1)	1
12.12	<ul style="list-style-type: none"> • Chris sou graag die hele aand na haar sit en luister. Afrikaans praat, en luister hoe mooi sy praat. • Sy beskou hom as 'n engelmanneling – iemand wat hulle red: 'n sagte/teer sy van haar persoonlikheid. • Sy is nie eng/konserwatief nie: sy sou hom graag wou soen, maar as 'n Engelsman sal hy haar dalk aankla vir seksuele flirtasies – 'n vrou moet haar plek ken in die vreemde./Sy maak dinge interessant of anders as die gewone./Sy is gemaklik met wie sy is en oop-kop. • Sy glo dat sy die regte mans altyd op die verkeerde plek raakloop – dit is presies wat nou met hom gebeur./Sy glo sy is altyd ongelukkig met mans. • Sy is nogal speels/goeie sin vir humor: sy dink hy het mooi boudjies. (Bl. 56-57) 	(5)	3
12.13.1	<ul style="list-style-type: none"> • Sy selnommer in die boek te skryf en dit vir haar te gee. • Die boek vir haar te gee met sy selnommer in. (Enige EEN) (Bl. 58) 	(1)	2
12.13.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy drink 'n bier./Hy vier dit (met 'n bier). • Hy gaan na 'n klein kroegie om 'n bier te drink. • Hy vier sy besluit met 'n bier. (Enige EEN) (Bl. 56) 	(1)	1
12.14.1	Waar (Bl. 56)	(1)	2
12.14.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy ouers dink nog steeds in hokkies. • Sy ouers sou nie verstaan waarom hy die aand kroeg toe gegaan het nie./In hulle dae het net slegte mense kroeg toe gegaan. (Enige EEN) (Bl. 56) 	(1)	2

12.15.1	Onwaar (Bl. 59)	(1)	1
12.15.2	Ons lees aan die einde van die verhaal dat sy selfoon vibreer . (Bl. 59)	(1)	2
12.16	Enige sinvolle antwoord.	(1)	3
		[35]	

AFDELING D: GEDIGTE

VRAAG 13: Kontekstuele vraag (Bl. 68-70)

VERSJOERNAAL: Melkkantien – Elisabeth Eybers

VR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
13.1	Plek waar jy melkdrankies/(goedkoop) nie-alkoholiese drankies kan koop./n Drinkplek van werkers.	(½)	1
13.2	Verweer en afgewater Afgesloof en stroef	(2)	2
13.3	Haar kneukels is so rooi soos die tamatiesap (wat sy vashou)./Tamaties kan verwelk of verlep en 'n mens aan die verrimpelde vrou laat dink.	(1)	2
13.4.1	Waar	(1)	2
13.4.2	Opgetooi	(1)	2
13.5	Kelnerinne is opgetooi en die vrou is afgesloof.	(1)	2
13.6	C/alliterasie	(1)	1
13.7	13.7.1 armoedigheid 13.7.2 hartseer en eensaam 13.7.3 simpatiek	(3)	3 3 1
13.8	Die spreker vra 'n vraag aan die vrou/reik uit na die vrou/probeer om die vrou waardevol te laat voel.	(1)	2
13.9	13.9.1 D/omarmde rym 13.9.2 A/14 reëls 13.9.3 C/ses reëls 13.9.4 B/sekstet/sestet	(4)	3
13.10	C/die vraag na die sin van die mens se bestaan.	(1)	3
		[17½]	

VRAAG 14: Kontekstuele vraag (Bl. 143 – 144)

VERSJOERNAAL: Life van die jobless – Vincent Oliphant

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
14.1	D/Ekonome gesels oor werksprojekte	(1)	1
14.2	Sy bra/broer/vriend/die leser.	(1)	1
14.3.1	Waar	(1)	1
14.3.2	Agony	(1)	2
14.4	14.4.1 C/Al die dinge wat gedoen word om werk te soek.) 14.4.2 D/Die pyn omdat daar nie geld en kos is nie.) 14.4.3 B/Die lewe is minder werd omdat jy nie werk het nie. 14.4.4 E/ Die slegte lewensomstandighede as iemand nie werk het nie. 14.4.5 A/Jy word 'n misdadiger omdat jy nie werk het nie.	(5)	3
14.5	Hy kry briewe van prokureurs.	(1)	2
14.6.1	abba	(1)	1
14.6.2	Omarmde rym	(1)	1
14.7.1	Waar	(1)	1
14.7.2	“en vannie gel’gatte se rubbish soek vir kos.”	(1)	2
14.8	B/die mense al hoe nader aan God lewe.	(1)	3
14.9.1	Retoriese vraag	(1)	3
14.9.2	Dit beklemtoon die hopeloosheid van die werklose man se situasie./Betrek die leser om homself in te dink in die situasie./Dit beklemtoon dat die werklose persoon dink dat ander mense nie regtig weet wat dit beteken om werkloos te wees nie.	(1)	2
14.10	Die hopelose situasie waarin werklose mense hulle bevind/ die vernedering as iemand sonder werk is.	(1)	2

VRAAG 15: Kontekstuele vraag (Bl. 179 – 181)**VERSJOERNAAL: Talle tonge – Mathews Phosa**

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
15.1	alliterasie	(½)	1
15.2	inversie	(1)	1
15.3.1	Onwaar	(1)	2

15.3.2	“een tong op ’n gegewe oomblik” (EEN VERSREËL)	(1)	2
15.4.1	C/Ek hou van jou haarstyl; dit pas by jou. Kan ek jou ’n guns vra? (’n heuningtong)		
15.4.2	A/Ek voel bitter en sal jou nooit kan vergewe nie! (’n bitter tong)		
15.4.3	D/ Niemand wil met jou vriende wees nie, want jy is vet en dom! (’n tong om te sny)	(3)	3
15.5	baie	(1)	1
15.6	<ul style="list-style-type: none"> • klap soos ’n sweep (1) • brand soos asyn (1) 	(2)	1
15.7	C/n skerp tong	(1)	2
15.8.1	Onwaar	(1)	2
15.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • ’n sweep keep diep • ’n sweep laat bloei (Enige EEN) 	(1)	2
15.9	<ul style="list-style-type: none"> • laat krimp inmekaar (1) • skend (1) 	(2)	1
15.10	met verskillende emosies	(1)	1
15.11	tong (EEN WOORD)	(1)	3
15.12	B/op verskillende maniere met ander mense kommunikeer.	(1)	2
		[17½]	

VRAAG 16: Kontekstuele vraag (Bl. 112)**VERSJOERNAAL: Wetenskapmannetjies – Antjie Krog**

NR.	MEMORANDUM	PUNT	VLAK
16.1	C/wil sê dat hy/sy van die wetenskapmannetjies verskil.	(1)	2
16.2	Hulle sal nooit by die son uitkom nie/by die korrekte (eksakte; finale) antwoord uitkom nie./Hulle sal nooit korrek kan voorspel nie.	(1)	2
16.3	nie respekteer nie	(1)	2
16.4	<ul style="list-style-type: none"> • dat die son inkrimp (1) 		

	• dat die son eendag gaan verdwyn (1)	(2)	1
16.5.1	D/Ontspan in die natuur. (1)		
16.5.2	A/Geniet die sonsondergang op die horison. (1)		
16.5.3	B/Toon waardering en kreatiwiteit. (1)	(3)	2
16.6.1	Personifikasie	(1)	3
16.6.2	hoe hy (die son) bloei	(1)	3
16.7.1	• die son • die vaal lug • die bome (Enige EEN)	(1)	1
16.7.2	• die (verdwaalde) korhaan	(1)	1
16.8.1	Waar	(1)	1
16.8.2	• teken ek klawertjies • kry ek 26% (Enige EEN)	(1)	2
16.9	D/eensaamheid veroorsaak.	(1)	1
16.10.1	Onwaar	(1)	2
16.10.2	Die spreker gebruik die verkleiningsvorm van die woord./Die spreker sê/verwys na wetenskapmannetjies./Die spreker verkleineer die wetenskapmannetjies.	(1)	2
16.11	C/van die pyn en vernedering te vergeet.	(½) [17½]	3
GROOTTOTAAL: 35 + 35		[70]	

EERSTE ADDISIONELE TAAL: RUBRIEK VIR DIE NASIEN VAN DIE OPSTELVRAAG

Let op die verskil in die punttoekenning vir inhoud versus struktuur en taal

KODES EN PUNTETOEKENNING		INHOUD [25] Interpretasie van die onderwerp. Grondige argumente, verantwoordings en begrip van die voorgeskrewe werk.		STRUKTUUR EN TAAL [10] Struktuur, logiese vloei en aanbieding. Gebruik van taal, toon en styl in opstel.
Kode 7 A 80 - 100%	Uitmunterend 20 tot 25 punte	In diepte interpretasie van onderwerp, alle aspekte van die onderwerp is ten volle nagevors. Uitstekende reaksie. (90+, uitmunterende reaksie) Reeks pakkende argumente, uitgebreid; ondersteun uit die teks. Uitstekende begrip van genre en voorgeskrewe teks.	Uitmunterend 08 - 10 punte	Samehangende en gestruktureerde opstel. Uitstekende inleiding en slot. Argumente is goed gestruktureerd en duidelik ontwikkel. Taal, toon en styl is gevorderd, treffend en korrek.
Kode 6 B 70 - 79%	Verdiensielik 17½- 19½ punte	Bo-gemiddelde interpretasie van onderwerp. Alle aspekte van die onderwerp is geskik nagevors. Gedetailleerde reaksie. Reeks grondige argumente is gegee, goed ondersteun uit teks. Baie goeie begrip van genre en teks.	Verdiensielik 7- 7½ punte	Opstel is goed gestruktureerd Goeie inleiding en afsluiting. Argumente en gedagtelyk is maklik om te volg. Taal, toon en styl is korrek en gepas vir die doel. Goeie aanbieding.
Kode 5 C 60 – 69%	Beduidend 15-17 punte	Toon begrip en het onderwerp goed geïnterpreteer. Taamliek gedetailleerde reaksie op die onderwerp. Sommige grondige argumente is gegee, maar nie almal is baie goed gemotiveer nie. Begrip van genre en teks duidelik.	Beduidend 6-6½ punte	Duidelike struktuur en logiese vloei van argumente. Inleiding, afsluiting en ander paragrawe is samehangend georganiseer. (koherensie) Vloei van argumente kan gevolg word. Taal, toon en styl is grootliks korrek.
Kode 4 D 50 – 59%	Voldoende 12½- 14½ punte	Taamlieke interpretasie van die onderwerp; nie alle aspekte is in detail nagevors nie. Sommige goeie punte ter ondersteuning van die onderwerp. Meeste argumente is ondersteunend, maar bewyse is nie altyd oortuigend nie. Basiese begrip van genre en teks.	Voldoende 5-5½ punte	Geringe bewyse van struktuur. Goed gestruktureerde en logiese vloei en samehang ontbreek. Min taalfoute; toon en styl is meestal gepas. Paragrawe is meestal korrek.
Kode 3 E 40 – 49%	Matige 10-12 punte	Baie gewone en gemiddelde poging om die vraag te beantwoord. Baie min diepte en begrip in reaksie op die onderwerp. Argumente nie oortuigend nie en baie min verantwoordings uit die teks. Leerder het nie houvas en volle begrip van genre en teks nie.	Matige 4-4½ punte	Beplanning van die struktuur is gebrekkig. Argumente nie logies gerangskik nie. Paragrawe is foutief. Opvallende taalfoute. Toon en styl nie gepas vir die doel nie.
Kode 2 F 30 – 39%	Basiese 7½- 9½ punte	Houvas op die onderwerp is swak. Reageer herhalend en soms van die punt af. Geen diepte in argumentering; verkeerde interpretasie / Argumente word nie verantwoord uit die teks nie. Baie swak houvas op genre en teks.	Basiese 3 - 3½ punte	Swak aanbieding en gebrek aan beplanning beïnvloed die vloei van die argumente. Taalfoute en foutiewe styl maak opstel onsuksesvol.
Kode 1 F tot H 0 – 29%	Ontoereikend 0 tot 7 punte	Reaksie soms in verhouding met die onderwerp, maar dis moeilik om ontoepaslike argumente te volg. Swak poging om vraag te beantwoord. Min toepaslike punte met geen verantwoordings uit die teks. Baie swak houvas op genre en teks.	Ontoereikend 0 - 2½ punte	Moeilik om te bepaal of die onderwerp aangespreek word. Geen bewyse van logiese beplanning nie. Geen paragrawe en koherensie nie. Swak taalgebruik. Verkeerde styl en toon.

KONTROLELYS BY DIE OPSTEL EN MODERERING VAN 'n VRAESTEL.

Die suksesvolle paradigmaverskuiwing van inhoudgedrewe onderrig en toetsing na die assessering van kennis en vaardighede deur middel van die teksgerigte en kommunikatiewe benadering vereis dat al die onderliggende aspekte van die Nasionale Kurrikulumverklaring in onderrig en leer beslag sal kry.

Sleutelvrae wat 'n rol sal speel in die beoordeling van toetse/assesseringstake sal die volgende wees:

KONTROLELYS VIR DIE OPSTEL EN MODERERING VAN VRAESTEL1		
BEGINSELS	VRAE	KOMMENTAAR
1. Sosiale transformasie	✓	
2. Hoë kennis en vaardigheidsvlakke	✓	
4. Progressie	✓	
5. Artikulasie/oordraagbaar	✓	
6. Menseregte/inklusiwiteit	✓	
7. Waardering vir inheemse	✓	
8. Geloofwaardigheid/doeltreffend	✓	
Kritieke en ontwikkelingsuitkomst		
Kritieke uitkomst:		
1. Identifiseer/los probleme op	✓	
2. Werk doeltreffend in groepe	N.v.t.	
3. Selfwerkzaamheid	✓	
4. Inligting versamel/reageer	✓	
5. Kommunikeer doeltreffend	✓	
6. Gebruik teg. wet. doeltreffend	✓	
7. Die wêreld as sisteem	✓	
Ontwikkelingsuitkomst		
1. Verskillende leerstrategieë	✓	
2. Verantwoordelike burgerskap	✓	
3. Kultuur/esteties sensitief	✓	
4. Beroepsmoontlikhede	✓	
5. Entrepreneurskap	✓	
Leeruitkoms 2: Lees en kyk		
Lees/kyk vir begrip en waardering		
• Maak voorspellings	✓	
• Identifiseer hoofgedagtes	✓	
• Ondersteunende gedagtes uitlig	✓	
• Som hoofgedagtes op	✓	
• Lei woordbetekenis uit konteks af	✓	
• Herlees vir begrip	✓	
Betekenis van verskeidenheid tekste		
• Toepaslike inligting vind	✓	
• Seleksie/weglating van inligting beïnvloed betekenis	✓	
• Verskil tussen direkte en verskuilde betekenis	✓	
• Herken skrywer se standpunt	✓	

Uitkoms	Asseseringstandaard	Vraag	Kognitiewe vlak
LU 2	<ol style="list-style-type: none"> toon verskillende leesstrategieë vir begrip en waardering <ul style="list-style-type: none"> vra vrae/voorspellings identifiseer hoofgedagtes/ondersteunende besonderhede gebruik kontekstuele leidrade herlees van tekste om begrip te bevorder verduidelik die betekenis van teks 	<p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p>	<p>Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek.</p>
	<ul style="list-style-type: none"> vind inligting in tekste/teksgedeeltes herken hoe seleksie en weglaat van inligting betekenis raak motiveer 'n eie respons herken die verskil tussen direkte en verskuilde betekenis verduidelik die skrywer/karakter /verteller se standpunt herken die sosio-politieke en kulturele agtergrond van tekste herken en verduidelik die impak van figuurlike en retoriese taal en stylmiddels: <ul style="list-style-type: none"> inversie metafoor vergelyking personifikasie metonimia klanknabootsing simbool hiperbool kontras sarkasme ironie satire en antiklimaks vergelyk die skrywer se gevolgtrekking met eie. herken hoe taal en beelde waardes en houdings kan weerspieël en vorm in tekste: <ul style="list-style-type: none"> herken sosio-kulturele en politieke waardes, 	<p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C en D</p>	<p>Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek.</p>

	<p>houdings oor geslag, k;as, ouderdom, magsverhouding, menseregte, inklusiwiteit en die omgewing</p> <ul style="list-style-type: none"> herken die aard van partydigheid, vooroordeel en diskriminasie in tekste. 	Afdeling A, B, C en D	
4	<p>1. Verken die hoofkenmerke van tekste en verduidelik hoe betekenis deur die leser se interaksie geskep word:</p> <ul style="list-style-type: none"> Intrigue en subintrige Konflik Karakter Rol van die verteller Boodskappe en temas in groter konteks Milieu – verband met karakter Stemming en tydsverloop Ironiese wending en afloop. 	<p>Afdeling A, B, C en D</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p> <p>Afdeling A, B, C</p>	Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek.
	<p>Poësie:</p> <ul style="list-style-type: none"> Woordkeuse Stylfigure Beeldspraak Klank 	<p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p> <p>Afdeling D</p>	Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek
	<p>Drama</p> <ul style="list-style-type: none"> Dialog Handeling (Vernand met karakter en tema) Intrige en subintrige Karakteruitbeelding Konflik Dramatiese doelstelling Dramatiese struktuur Toneelaanwysings 	<p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p> <p>Afdeling B</p>	Al die kognitiewe vlakke is in hierdie vraestel aangespreek